onderwys

Departement van Onderwys
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Nasionale Kurrikulumverklaring
Graad 10 – 12
(Algemeen)

TALE
AFRIKAANS HUISTAAL

Departement van Onderwys

Sol Plaatje Huis
Schoemanstraat 123
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 312-5911
Faks: +27 12 321-6770

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465-1701
Faks: +27 21 461-8110

http://education.pwv.gov.za

© 2003 Departement van Onderwys

ISBN 1-919975-84-5

Ontwerp en uitleg deur: Seriti Printing (Pty) Ltd

HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

Hierdie dokument is •n beleidsdokument wat uit vier hoofstukke bestaan. Dit is belangrik dat die leser tydens die bestudering van die dokument die inligting van die verskillende afdelings op •n geïntegreerde wyse lees. Die opgesomde inhoud van elke hoofstuk volg hieronder:

Hoofstuk 1 – Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring

Die beginsels en ontwerpelemente van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen).

Hoofstuk 2 – Inleiding tot die Leerveld vir Tale

Die definisie, doel, omvang, tipiese beroepsmoontlikhede en Leeruitkomste van die Leerveld vir Tale. Dit oriënteer die leser aangaande Tale.

Hoofstuk 3 – Leeruitkomste, Assesseringstandaarde, Inhoud en Kontekste

Die volledige lys Leeruitkomste en Assesseringstandaarde. Die Assesseringstandaarde is gerangskik om die leser •n geheelbeeld te gee van die progressie van graad 10 tot graad 12. Gevolglik is die Assesseringstandaarde •n dubbelbladuitleg. Aan die einde van die hoofstuk verskyn die voorgestelde inhoud en kontekste om die Assesseringstandaarde te bereik.

Hoofstuk 4 – Assessering

Die generiese benadering tot assessering. Aan die einde van die hoofstuk is •n tabel wat vakspesifieke Bevoegdheidsomskrywings bevat. Die tabel bestaan uit •n kode, skaal en bevoegdheidsomskrywings vir elke graad. Die bevoegdheidsomskrywings is só gerangskik dat die leser in staat is om die progressie van graad 10 tot graad 12 te kan sien.

Simbole:

Die volgende simbole word gebruik om Assesseringstandaarde, Leeruitkomste, grade, kodes, skale, bevoegdheidsomskrywings, inhoud en kontekste te identifiseer:

= Leeruitkoms

= Assesseringstandaard

= Graad

= Kode

= Skaal

= Bevoegdheidsomskrywing

= Inhoud en konteks

INHOUD

HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK iii

AKRONIEME ix

HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING 1

BEGINSELS 1

Sosiale transformasie 2

Uitkomsgebaseerde Onderwys 2

Hoë kennis- en vaardigheidsvlakke 3

Integrasie en toegepaste bevoegdheid 3

Progressie 3

Artikulasie en oordraagbaarheid 3

Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid 4

Waardering vir inheemse kennissisteme 4

Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid 5

DIE SOORT LEERDER WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD 5

DIE SOORT ONDERWYSER WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD 6

STRUKTUUR- EN ONTWERPELEMENTE 6

Struktuur van die Nasionale Kurrikulumverklaring 6

Inhoud van Vakverklarings in die Leerveld vir Tale 7

RIGLYNE VIR LEERPROGRAMME 8

HOOFSTUK 2: INLEIDING TOT DIE LEERVELD VIR TALE 9

DEFINISIE 9

DOEL 9

OMVANG 10

Inklusiwiteit 10

Taalvlakke 11

ONDERWYS- EN BEROEPSMOONTLIKHEDE 12

LEERUITKOMSTE 13

Leeruitkoms 1: Luister en Praat 13

Leeruitkoms 2: Lees en Kyk 13

Leeruitkoms 3: Skryf en Aanbied 14

Leeruitkoms 4: Taal 14

HOOFSTUK 3: LEERUITKOMSTE, ASSESSERINGSTANDAARDE, INHOUD EN KONTEKSTE 16

Leeruitkoms 1: Luister en Praat 16

Leeruitkoms 2: Lees en Kyk 26

Leeruitkoms 3: Skryf en Aanbied 36

Leeruitkoms 4: Taal 42

INHOUD EN KONTEKSTE VIR DIE BEREIKING VAN ASSESSERINGSTANDAARDE 52

Die gebruik van tekste vir die onderrig van taal 52

•n Begrip van die samestelling van tekste 53

HOOFSTUK 4: ASSESSERING 57

INLEIDING 57

WAAROM ASSESSEER 57

SOORTE ASSESSERING 58
Grondlynassessering 58
Diagnostiese assessering 58
Formatiewe assessering 58
Sommerende assessering 59

WAT MET ASSESSERING BEOOG WORD 59

HOE GEASSESSEER WORD 59

ASSESSERINGSMETODES 60
Selfassessering 60
Portuurassessering 60
Groepassessering 60

METODES VIR DIE INSAMELING VAN ASSESSERINGSBEWYSE 61
Waarnemingsgebaseerde assessering 61
Toetsgebaseerde assessering 61
Taakgebaseerde assessering 61

REKORDHOUDING EN RAPPORTERING 61
Metodes van verslaghouding 62
Rapportering van prestasie en vordering 63

VAKBEVOEGDHEIDSOMSKRYWINGS 64

BEVORDERING 64

WATTER INLIGTING IN RAPPORTE/VERSLAGKAARTE MOET VERSKYN 64

ASSESSERING VAN LEERDERS MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTES 65

BEVOEGDHEIDSOMSKRYWINGS VIR HUISTAAL 66

WOORDELYS 83

AKRONIEME

AOO	Algemene Onderwys en Opleiding
DAS	Deurlopende Assessering
IKS	Inheemse Kennissisteme
MIV	Menslike immuniteitsgebreksvirus
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
UGO	Uitkomsgebaseerde Onderwys
VIGS	Verworwe immuniteitsgebreksindroom
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) verskaf die grondslag vir kurrikulumtransformasie en -ontwikkeling in Suid-Afrika. Volgens die Aanhef is die doelstellings van die Grondwet om:

die verdelings van die verlede te heel en •n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte te skep;
die lewensgehalte van al die burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit;
die grondslag te lê van •n demokratiese en oop samelewing waar regering op die wil van die bevolking gegrondves is en die reg van elke burger in gelyke mate beskerm word; en
•n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as •n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Die Grondwet bepaal verder dat •elkeen die reg het tot verdere onderwys wat die Staat, deur redelike maatreëls, geleidelik beskikbaar en toeganklik maakŽ.

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) vorm die grondslag van die verwesenliking van hierdie doelwitte in die uitspel van onderwys deur die Leeruitkomste en Assesseringstandaarde, asook die kernbeginsels en waardes wat dit onderlê.

BEGINSELS

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) is gebaseer op die volgende beginsels:

sosiale transformasie;
uitkomsgebaseerde onderwys;
hoë kennis- en vaardigheidsvlakke;
integrasie en toegepaste bevoegdhede;
progressie;
artikulasie en oordraagbaarheid;
menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid;
waardering vir inheemse kennissisteme; en
geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid.

Sosiale transformasie

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) vorm die grondslag van sosiale transformasie in •n postapartheidsamelewing. Die noodsaaklikheid om die Suid-Afrikaanse samelewing te omvorm deur middel van verskeie transformerende instrumente ontstaan uit die behoefte om die nalatenskap van apartheid op al die terreine van menslike aktiwiteite, en spesifiek die onderwys, reg te stel. Sosiale transformasie moet verseker dat ongelykhede van die verlede aangepak word, en dat gelyke onderwysgeleenthede aan almal voorsien word. Indien Suid-Afrikaners sosiale transformasie wil bewerkstellig, moet hulle kunsmatige struikelblokke op weg na •n kwalifikasie verwyder sodat almal se potensiaal deur onderwys erken word.

Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) is die grondslag van die kurrikulum in Suid-Afrika. Die Leeruitkomste wat leerders aan die einde van die proses moet bereik, dui op die strewe om deur UGO alle leerders in staat te stel om volgens hul vermoë te presteer. Die Leeruitkomste beklemtoon •n leerdergerigte en aktiwiteitsgebaseerde benadering tot onderwys. Die Nasionale Kurrikulumverklaring baseer die Leeruitkomste vir graad 10 … 12 op die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomste wat deur die Grondwet geïnspireer en in •n demokratiese proses ontwikkel is.

Die Kritieke Uitkomste vereis dat leerders in staat is om die volgende te doen:

identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
werk doeltreffend saam met ander as lede van •n span, groep, organisasie en gemeenskap;
organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme;
gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
begryp dat die wêreld •n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die Ontwikkelingsuitkomste stel leerders in staat om die volgende te doen:

dink na oor en ondersoek •n verskeidenheid strategieë om meer doeltreffend te leer;
neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel;
is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste;
ondersoek onderwys- en beroepsmoontlikhede; en
ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

Hoë kennis- en vaardigheidsvlakke

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) is gerig op die ontwikkeling van hoë kennis- en vaardigheidsvlakke vir leerders. Dit stel hoë verwagtings aan Suid-Afrikaanse leerders. Sosiale geregtigheid vereis dat groepe wat voorheen deur •n gebrek aan kennis en vaardighede ontmagtig is, nou bemagtig word. Die Nasionale Kurrikulumverklaring beskryf die minimum standaarde vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word … standaarde wat in al die vakke hoog, maar bereikbaar is.

Integrasie en toegepaste bevoegdheid

Integrasie geskied binne en oor vakke en leervelde, asook tussen vakke en praktykgerigte areas heen. Hierdie integrasie is beslissend vir die verwerwing van toegepaste bevoegdhede soos gedefinieer in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Toegepaste bevoegdheid behels die integrering van drie afsonderlike soorte bevoegdhede, naamlik praktiese, teoretiese en reflektiewe bevoegdhede. Omdat die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) hierdie beginsel van integrasie en toegepaste bevoegdhede aanvaar, bevorder dit die geïntegreerde leer van teorie, toepassing in praktyk, en refleksie.

Progressie

Progressie verwys na die proses waartydens meer gevorderde en komplekse kennis en vaardighede ontwikkel word. Die Vakverklarings toon progressie van graad tot graad. Ná elke Leeruitkoms volg •n eksplisiete verklaring van die verwagte prestasievlak vir die bereiking van die uitkoms. Assesseringstandaarde is geformuleer in •n formaat wat vir elke graad aandui hoe die verwagte prestasievlakke in moeilikheidsgraad en omvang toeneem. Inhoud en kontekste toon ook progressie van eenvoudig tot kompleks namate leerders van graad tot graad vorder.

Artikulasie en oordraagbaarheid

Artikulasie verwys na die verband tussen kwalifikasies in die verskillende vlakke of bande van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk en wel op •n wyse wat toegang van een kwalifikasie na •n ander bevorder. Dit is veral belangrik in die geval van kwalifikasies binne dieselfde loopbaanvelde. Omdat die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband tussen die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband en die Hoër-Onderwys-en-Opleidingsband val, is dit noodsaaklik dat die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat (Algemeen) artikuleer met die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat en ander kwalifikasies in soortgelyke leerveldbane van hoër onderwys. Om hierdie artikulasie te bewerkstellig is tydens die ontwikkeling van die Kurrikulumverklaring noukeurige ondersoek gedoen na die uittreevlakverwagtings in die leerareas van Algemene Onderwys en Opleiding én van die veronderstelde leer wat nodig is vir die intreevlakke van verwante dissiplines in hoër onderwys.

Oordraagbaarheid verwys na die mate waarin dele van •n kwalifikasie (vakke of eenheidstandaarde) oorgedra kan word na •n ander kwalifikasie binne •n ander leerveldbaan van dieselfde band van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Om die oordraagbaarheid van vakke in Graad 10 … 12 (Algemeen) te versterk, is meganismes ondersoek soos om •n vak as gelykstaande aan eenheidstandaarde van 20 krediete elk te beskou. Heelwat van die vakke in die Nasionale Kurrikulumverklaring is só geformuleer dat dit artikuleer met toepaslike eenheidstandaarde geregistreer ingevolge die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) probeer om menseregte, inklusiwiteit omgewings- en sosiale geregtigheid te verseker. Al die nuwe Vakverklarings weerspieël die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore.

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) volg •n inklusiewe benadering deur minimum vereistes vir alle leerders te spesifiseer. Dit gee erkenning aan die beginsel dat alle leerders geleentheid moet kry om tot hul volle potensiaal te ontwikkel mits hulle die nodige steun ontvang. Die intellektuele, sosiale, emosionele, spirituele en fisiese behoeftes van leerders kry aandag in die ontwerp en ontwikkeling van gepaste Leerprogramme en deur die gebruik van gepaste assesseringsinstrumente.

Waardering vir inheemse kennissisteme

Gedurende die sestigerjare het teorieë oor veelvuldige intelligensie meegebring dat opvoedkundiges besef het daar is verskillende maniere waarop inligting geprosesseer en betekenis geskep kan word en dat, indien intelligensie opnuut gedefinieer word, hierdie verskillende benaderings in ag geneem moet word. Tot op daardie stadium het die Westerse wêreld veral waarde geheg aan logiese, wiskundige en spesifieke linguistieke bevoegdhede. •n Persoon is as •intelligent• beskou indien bedrewe in hierdie bevoegdhede. Tans erken mense die wye diversiteit van kennissisteme wat gebruik kan word om betekenis te gee aan hulle leefwêrelde.

Inheemse kennissisteme binne die Suid-Afrikaanse konteks verwys na •n kennisgeheel van filosofiese denkwyses en sosiale praktyke wat oor duisende jare in Afrika ontstaan het. Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) sluit doelbewus inheemse kennissisteme in die Vakverklarings in om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy. Soveel as moontlik verskillende perspektiewe is ingesluit om by te dra tot probleemoplossing in al die leervelde.

Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) streef na geloofwaardigheid deur •n transformasie-agenda en deur onderwys te voorsien wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte. Gehalteversekering sal gereguleer word deur die vereistes van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (Wet 58 van 1995), die Onderwys-en-Opleiding-Gehalteversekeringsregulasies en die Gehalteversekeringswet (Wet 58 van 2001) vir Algemene en vir Verdere Onderwys en Opleiding.

DIE SOORT LEERDER WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD

Waardes is belangrike aspekte vir die ontwikkeling van die mens omdat waardes betekenis aan persoonlike spirituele ervarings en intellektuele speurtogte gee. Die dokument *The Manifesto on Values, Education and Democracy* (Departement van Onderwys, 2001:9 … 10) verklaar die volgende oor onderwys en waardes:

> Values and morality give meaning to our individual and social relationships. They are the common currencies that help make life more meaningful than might otherwise have been. An education system does not exist to simply serve a market, important as that may be for economic growth and material prosperity. Its primary purpose must be to enrich the individual and, by extension, the broader society.

Die soort leerder wat in die vooruitsig gestel word, is geïnspireer deur respek vir die waardes wat in die Grondwet beskryf word soos demokrasie, gelykheid, menswaardigheid en sosiale regverdigheid. Hierdie soort leerder sal dienooreenkomstig in belang van die samelewing optree.

•n Leerder wat uit die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband tree, moet die bereiking van die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomstes, soos vroeër in dié dokument aangedui, toon. Vakke in die Fundamentele leerkomponent dra saam daartoe by om die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomstes te bevorder, terwyl spesifieke vakke in die Kern- en Elektiewe Komponente individueel die bereiking van spesifieke Kritieke en Ontwikkelingsuitkomstes bevorder.

Afgesien van bogenoemde kenmerke behoort leerders wat uit die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband tree, ook te kan

toetree tot kwaliteit lewenslange leer en opleiding en daarin suksesvol wees;
logies en analities dink en holistiese en laterale denke openbaar; en
vaardighede van bekende kontekste na onbekende situasies oordra.

DIE SOORT ONDERWYSER WAT IN DIE VOORUITSIG GESTEL WORD

Alle onderwysers en ander opvoeders speel sleutelrolle in die transformasie van onderwys in Suid-Afrika. Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) stel gekwalifiseerde, bekwame, toegewyde en sorgsame onderwysers in die vooruitsig. Hulle sal in staat wees om die verskillende rolle te vervul soos in die Norme en Standaarde vir Opvoeders uiteengesit. Van onderwysers word verwag om op te tree as bemiddelaars van leer, interpreteerders en ontwerpers van Leerprogramme en -materiaal, leiers, administrateurs en bestuurders, studente, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en begeleiers, en assessore en vakkundiges.

STRUKTUUR- EN ONTWERPELEMENTE

Struktuur van die Nasionale Kurrikulumverklaring

Die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) bestaan uit •n Oorsigdokument, die Qualifications and Assessment Policy Framework Grade 10 … 12 (General) en die Vakverklarings.

Die vakke in die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) word in ses leervelde gekategoriseer.

Wat is 'n Leerveld?

•n Leerveld is •n kategorie wat dien as •n basis vir verwante vakke. Dit fasiliteer ook die formulering van reëls vir vakkombinasies vir die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat (Algemeen). Die afbakening van leervelde vir graad 10 … 12 is gedoen met inagneming van artikulasie met die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband en die Hoër-Onderwys-en-Opleidingsband, asook met klassifikasieskemas in ander lande.

Alhoewel die ontwikkeling van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) die twaalf organiseringsvelde van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk as vertrekpunt gebruik het, is die twaalf organiseringsvelde nie noodwendig leervelde of •kennisvelde• nie, maar dit is eerder aan beroepskategorieë gekoppel.

Die volgende vakgroeperinge is afgebaken in leervelde om vakkombinasies vir leerders te vergemaklik:

Tale (Fundamenteel);
Kuns en Kultuur;
Sake-, Handel-, Bestuur- en Diensstudies;
Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie;
Menslike en Sosiale Studies en Tale; en
Natuur-, Wiskundige, Rekenaar-, Lewens- en Landbouwetenskappe.

Wat is 'n Vak?

In die verlede is •n vak gedefinieer as •n spesifieke akademiese kennisgeheel. Hierdie opvatting van •n vak lê meer klem op kennis as op vaardighede, waardes en houdings. Vakke word deur sommiges beskou as staties en onveranderlik en met rigiede grense. Dikwels het vakke hoofsaaklik Westerse bydraes tot kennis beklemtoon.

In •n uitkomsgebaseerde kurrikulum soos die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) word vakgrense vaag gedefinieer. Kennis integreer teorie, vaardighede en waardes. Vakke word as dinamies beskou, en behoort voortdurend op nuwe en diverse kennis te reageer, insluitend kennis wat tradisioneel van die formele kurrikulum uitgesluit is.

•n Vak in •n uitkomsgebaseerde kurrikulum word in die breë deur Leeruitkomste gedefinieer en nie slegs deur •n inhoudsgeheel nie. In die Suid-Afrikaanse konteks behoort die ontwerp van Leeruitkomste sodanig te wees, dat dit tot die bereiking van Kritieke en Ontwikkelingsuitkomste lei. Leeruitkomste word in breë terme gedefinieer, is buigsaam en laat ruimte om plaaslike bydraes in te sluit.

Wat is 'n Leeruitkoms?

•n Leeruitkoms is •n verklaring van die bedoelde eindresultaat van leer en onderrig. Dit beskryf kennis, vaardighede en waardes wat leerders aan die einde van die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband behoort te verwerf.

Wat is 'n Assesseringstandaard?

Assesseringstandaarde is kriteria wat gesamentlik beskryf wat •n leerder behoort te weet en in staat is om te kan doen om die bereiking van die Leeruitkoms op die vlak van •n spesifieke graad te toon. Assesseringstandaarde beskryf die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet verwerf om die Leeruitkomste te bereik. Vir elke Leeruitkoms toon die Assesseringstandaarde gesamentlik die wyse aan waarop konseptuele progressie van graad tot graad plaasvind.

Inhoud van Vakverklarings in die Leerveld vir Tale

Elke Vakverklaring in die Leerveld vir Tale bestaan uit vier hoofstukke en •n woordelys:

Hoofstuk 1, Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring: Hierdie generiese hoofstuk lei die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10 … 12 (Algemeen) in.
Hoofstuk 2, Inleiding tot die Leerveld vir Tale: Hierdie hoofstuk sit die hoofkenmerke van die Leerveld vir Tale uiteen. Dit bestaan uit •n definisie van die leerveld, die doel en omvang daarvan, onderwys- en beroepsmoontlikhede en Leeruitkomste.

Hoofstuk 3, Leeruitkomste, Assesseringstandaarde, Inhoud en Kontekste: In hierdie hoofstuk bestaan uit Leeruitkomste met die gepaardgaande Assesseringstandaarde, en inhoud en kontekste om die Assesseringstandaarde te bereik.
Hoofstuk 4, Assessering: In hierdie hoofstuk omskryf die beginsels vir assessering en maak voorstelle vir verslaghouding en verslaglewering of rapportering van assessering. Bevoegdheidsomskrywings vir die spesifieke vak word hier uiteengesit.
Woordelys: Hierdie afdeling bevat definisies van vakspesifieke en geselekteerde algemene terme.

RIGLYNE VIR LEERPROGRAMME

Leerprogramme spesifiseer die omvang van leer en assessering vir die drie grade in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband. Dit is die programme wat verseker dat leerders die Leeruitkomste kan demonstreer soos deur die Assesseringstandaarde vir •n spesifieke graad voorgeskryf. Die Riglyne vir Leerprogramme help onderwysers en ander ontwikkelaars van Leerprogramme met die beplanning en ontwerp van leer-, onderrig- en assesseringsprogramme van •n hoë gehalte.

HOOFSTUK 2

INLEIDING TOT DIE LEERVELD VIR TALE

DEFINISIE

Taal is •n instrument vir denke en kommunikasie. Deur taal word kulturele diversiteit en sosiale betrekkinge gekonstrueer en uitgedruk. Die doeltreffende gebruik van taal stel leerders in staat om te dink en kennis te verwerf, hulle kreatiewe vermoëns en identiteit, asook gevoelens en idees uit te druk, in interaksie te tree met ander en om hul eie leefwêrelde te bestuur.

DOEL

Weens Suid-Afrika se taal- en kulturele verskeidenheid moet Suid-Afrikaners bemagtig word om oor taalgrense heen te kommunikeer en sodoende kulturele en linguistieke verdraagsaamheid en begrip te bevorder. Die grondwetlike erkenning van 11 amptelike tale en die taal-in-onderwys-beleid wat •n toevoegende benadering tot veeltaligheid volg, aanvaar die land se kulturele en taaldiversiteit en ag dit van waarde. Leerders is verplig om ten minste twee tale as Fundamentele vakke te neem. In die geval van •n derde of meer tale, kan dit deel vorm van die Kern- en/of Elektiewe vakke.

In die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband word die leerder se kennis van die huistaal deeglik ontwikkel. Dit vorm die grondslag vir die aanleer van addisionele tale. Wanneer leerders graad 10 bereik, het hulle reeds addisionele tale begin aanleer en verken en dalk ook vir leerdoeleindes gebruik. Die kurrikulum vir die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband bied aan leerders geleenthede om hulle vaardighede in ander tale te versterk en te ontwikkel. Van leerders word verwag om, namate hulle vorder, hulle taal met toenemende vlotheid, beheer en akkuraatheid binne •n groter verskeidenheid situasies te gebruik. Hulle aanvaar meer verantwoordelikheid vir hulle eie leer en wend hulle taalvaardighede op meer uitdagende en komplekse maniere aan.

Die verskillende geletterdhede wat nodig is vir doeltreffende deelname aan die samelewing en vir gebruik in die werkplek as deel van die wêreldekonomie van die 21ste eeu, sluit meer in as net luister, praat, lees skryf en orale tradisies. Ook ander geletterdhede is nodig, byvoorbeeld in die gebruik van media, grafiese voorstellings, inligting, rekenaars, en kulturele en kritiese geletterdheid. Die taalkurrikulum berei leerders voor vir die uitdagings wat hulle as Suid-Afrikaners en as lede van die wêreldgemeenskap in die gesig staar.

Die kurrikulum vir die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband stel alle leerders in staat om aan die vereistes van die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomste te voldoen, insluitend die volgende doelwitte:

Verbreed en verdiep taalbevoegdhede wat alreeds in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband ontwikkel is. Dit sluit die abstrakte taalvaardighede in wat nodig is vir akademiese leer oor die kurrikulum heen.
Leerders toon waardering vir die estetiese waarde en leesgenot van tekste, sodat hulle in staat is om met vertroue te luister, praat, lees/kyk en skryf/aanbied. Hierdie vaardighede en houdings vorm die grondslag vir lewenslange leer.
Gebruik taal gepas in lewensgetroue kontekste met inagneming van die teikengroep, doel en konteks.
Gebruik taal met vertroue om eie idees, sienings en emosies uit te druk en te regverdig ten einde selfstandige en analitiese denkers te word.
Gebruik taal en verbeelding om menslike ervarings uit te beeld en te verken. Deur interaksie met kreatiewe tekste, kan leerders oor hulle eie lewens en ervarings nadink en alternatiewe wêreldbeskouings oorweeg.
Gebruik taal om inligting te verkry en te bestuur vir leer oor die kurrikulum heen en in •n wye verskeidenheid ander kontekste. Inligtingsgeletterdheid is •n noodsaaklike vaardigheid in die •inligtingseeu• en vorm die grondslag vir lewenslange leer.
Gebruik taal as •n instrument vir kritiese en kreatiewe denke. Hierdie doelwit bevestig dat kennis sosiaal deur taal gekonstrueer word en dat daar •n noue interaksie tussen taal en denke bestaan.
Druk beredeneerde opinies oor etiese kwessies en waardes uit. Om leerders in staat te stel om •n eie waardesisteem te ontwikkel, behoort hulle aan tekste oor menseregte en verantwoordelikhede soos die regte van kinders, vroue, gestremdes en bejaardes blootgestel te word, asook aan kwessies wat verband hou met ras, kultuur, ideologie, klas, geloofsisteme, geslag, MIV en vigs, vryheid van uitdrukking, sensuur en die omgewing.
Werk krities met •n wye verskeidenheid tekste. Leerders behoort die perspektiewe, waardes en magsverhoudings wat onderliggend in tekste ingesluit is, te herken en te bevraagteken.
Herken die ongelyke status van verskillende tale en taalvariëteite. Leerders is in staat om die oorheersing van enige taal of taalvariëteit te bevraagteken en om in •n multikulturele samelewing hul eie taalregte te handhaaf.

OMVANG

Inklusiwiteit

Die onderrig en assessering van tale behoort voorsiening te maak vir die insluiting van alle leerders. Strategieë om tekste vir alle leerders toeganklik te maak en hulle in staat te stel om self tekste te produseer, moet gevind word. Sekere leerders wat struikelblokke ervaar, mag dalk nie sommige van die Assesseringstandaarde soos in die Nasionale Kurrikulumverklaring vervat, bereik nie. Die volgende moet derhalwe in ag geneem word:

Die begrippe •beskryf•, •vertel•, •oorvertel•, •parafraseer•, •praat•, •sê•, •bespreek•, •verduidelik•, •vra• en •voer gesprek• sluit alle vorme van verbale en nie-verbale kommunikasie, asook gebaretaal en alternatiewe

en aanvullende kommunikasiemetodes in. Op soortgelyke wyse sluit die woord •mondeling• ook gebaretaal en aanvullende kommunikasiehulpmiddels in.
Die begrippe •luister•, •lees• en •kyk• sluit vorme van kommunikasie in soos die •lees• van lippetaal en gebaretaal.
Gesiggestremde leerders mag aanvullende metodes en tekste in formate soos Braille, klankopnames, grootdruk, taktiele metodes en tekeninge benodig. Die begrip •visualiseer• kan deur fisiese voorstelling uitgedruk word. Verwysings na •lees• sluit bronne soos Braille en klanktekste in.

Taalvlakke

Die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband sluit al die amptelike tale in … Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, Sesotho, Sepedi (Sesotho sa Leboa), Setswana, siSwati, Tshivenda en Xitsonga … asook Gebaretaal en tale wat deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) goedgekeur is.

Die Kurrikulumverklaring vir Huis-, Eerste Addisionele en Tweede Addisionele Tale mag vir goedgekeurde nie-amptelike tale verwerk word. Hierdie tale kan as Kern- of Elektiewe komponente van die kurrikulum aangebied word.

Alle tale kan op die volgende vlakke aangebied word:

Huistaal: Die leerder se huistaal moet versterk en ontwikkel word om sodoende die grondslag vir die aanleer van addisionele tale te vorm. In die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband het alle amptelike Suid-Afrikaanse tale hoë, internasionaal vergelykbare Huistaalleeruitkomste. Dit is ooreenkomstig die grondwetlike vereistes van gelyke status vir alle amptelike tale. Die kognitiewe vlak van die huistaal behoort sodanig te wees dat dit ook vir onderrig en leer gebruik kan word. Luister- en praatvaardighede word verder ontwikkel en verfyn, maar op hierdie vlak word klem op die ontwikkeling van die leerder se lees- en skryfvaardighede geplaas.
Eerste Addisionele Taal: Die aanleer van •n Eerste Addisionele Taal bevorder veeltaligheid en interkulturele kommunikasie. Omdat leerders moontlik in die Suid-Afrikaanse konteks deur die medium van hul Eerste Addisionele Taal mag leer, bied Leeruitkomste vir Eerste Addisionele Tale bevoegdheidsvlakke wat beantwoord aan die drempelvlakke benodig vir doeltreffende leer oor die kurrikulum heen. Dit sluit die abstrakte, kognitiewe akademiese taalvaardighede in wat nodig is vir dink en leer. Hierdie beginsel is op al die amptelike tale van toepassing. Die taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees/kyk en skryf/aanbied kry ewe veel aandag.
Tweede Addisionele Taal: Die aanleer van •n Tweede Addisionele Taal bevorder veeltaligheid en interkulturele kommunikasie. Alhoewel lees- en skryfvaardighede ontwikkel word, word veral die ontwikkeling van luister- en praatvaardighede op hierdie vlak beklemtoon. Die vlak van die Tweede Addisionele Taal behoort verbeterde interpersoonlike kommunikasie as teiken te hê.

Alle leerders is verplig om twee amptelike tale in die Fundamentele komponent van die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband te neem … óf twee tale op Huistaalvlak, óf een op Eerste Addisionele Taalvlak en een op Huistaalvlak. Een van die tale in die Fundamentele komponent moet die Taal van Onderrig en Leer (TOL)

wees. Verder kan leerders ter bevordering van veeltaligheid en daardie leerders wat besonder belangstel in tale, ander amptelike tale neem in die Kern- en Elektiewe komponente op Huistaal-, Eerste Addisionele Taal- en/of Tweede Addisionele Taalvlakke.

ONDERWYS- EN BEROEPSMOONTLIKHEDE

In die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband is tale as vakke in die Leerarea vir Tale opgeneem; in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband skakel die Leerveld vir Tale met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) se organiseringsleerveld van Kommunikasiestudies en Tale. Om kontinuïteit te verseker, word dieselfde organiseringsbeginsels in die Verdere-Onderwys-en-Opleidingsband soos dié in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband gebruik:

die taalvaardighede, naamlik luister, praat, lees, kyk, skryf en aanbied vorm die grondslag vir die ontwikkeling van die Leeruitkomste; en
die gebruik van •n wye verskeidenheid tekste stel leerders in staat om persoonlike, nasionale en wêreldaangeleenthede te ondersoek en om sodoende toenemend kennis van die wêreld op te bou.

Die bestudering van tale kan lei tot taalgeoriënteerde loopbane soos joernalistiek, vertaling, taalonderwys, bemarking, reklame en diplomasie. Dit is egter duidelik dat tale die grondslag van alle leer vorm, nie net in die alledaagse lewe nie, maar ook in die werkplek. Die ontwikkeling van entrepreneurskap berus byvoorbeeld op •n leerder se taalbevoegdheid. Leerders se kommunikatiewe bevoegdhede bepaal hulle toegang tot die hoogs mededingende tegnologiese wêreld. Taal verleen toegang tot vele beroepsmoontlikhede en, indien nie deeglik onderrig nie, kan die leerder se beroepskeuses beperk word.

Geletterdheid vorm die grondslag vir die susksesvolle afhandeling van daaglikse take en dra by tot die lewensvaardighede wat die leerder in die wêreld moet hanteer. Taal is die instrument waarmee leerders betekenisvolle verhoudings in hulle onmiddellike gemeenskap kan bewerkstellig. Die sensitiwiteit waarmee hulle taal hanteer, bepaal die sukses of mislukking van talle interpersoonlike verhoudings.

LEERUITKOMSTE

Die omvang en doel soos hierbo uiteengesit, is gekonsolideer tot vier Leeruitkomste. Alhoewel hierdie uitkomste afsonderlik gelys is, behoort dit tydens onderrig en assessering geïntegreer te word.

Leeruitkoms 1: Luister en Praat

Die leerder is in staat om te luister en te praat vir verskillende doeleindes en teikengroepe en in •n verskeidenheid kontekste.

Leerders begryp dat luister en praat sosiale aktiwiteite is wat in spesifieke kontekste en vir verskeie doeleindes en teikengroepe plaasvind en dat mondelinge genres en registers dienooreenkomstig varieer. Hulle herken en gebruik gepaste mondelinge genres en registers in •n verskeidenheid formele en informele kontekste.

Luister en praat is sentraal in die leer van alle vakke. Deur doeltreffende luister- en praatstrategieë kan leerders inligting versamel en sintetiseer, kennis konstrueer, probleme oplos en idees en opinies uitdruk. Kritiese luistervaardighede stel leerders in staat om waardes en houdings wat onderliggend in tekste ingesluit is, te herken en om vooroordeel en manipulerende taal te bevraagteken.

Leeruitkoms 2: Lees en Kyk

Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op •n wye verskeidenheid tekste response te lewer.

Goed ontwikkelde lees- en kykvaardighede is belangrik vir suksesvolle leer oor die kurrikulum heen, en vir volledige deelname aan die samelewing en in die werkplek. Leerders ontwikkel vaardighede om inligting in te win deur die kyk na en lees van •n wye verskeidenheid literêre en nie-literêre tekste, insluitend visuele tekste. Hulle herken hoe genre en register die doel, teikengroep en konteks van tekste weerspieël.

Leerders gebruik verskillende lees- en kykvaardighede na aanleiding van •n spesifieke doel en die strekking van die teks. Hulle gee betekenis aan tekste, identifiseer waardes en aannames en reageer krities. Deur lees en kyk verken en dink leerders na oor die verweefdheid van hulle eie bestaan met dié van ander. Die lees van literêre tekste bied aan leerders modelle vir hulle eie skryfwerk.

Leeruitkoms 3: Skryf en Aanbied

Die leerder is in staat om vir •n wye verskeidenheid doeleindes en teikengroepe te skryf en aan te bied deur konvensies en formate gepas vir verskillende kontekste te gebruik.

Skryf is •n magtige kommunikasiemiddel. Deur skryf konstrueer en kommunikeer leerders idees samehangend. Gereelde skryfaktiwiteite in verskillende kontekste, vakgebiede en vir verskeie take stel leerders in staat om funksioneel en kreatief te kommunikeer. Die doel van skryf is dat leerders vaardige en veelsydige skrywers word wat hul skryfvaardighede kan toepas om doeltreffende geskrewe, visuele, oudio- en multimediatekste vir •n wye verskeidenheid doeleindes te ontwikkel.

Leeruitkoms 4: Taal

